Republiek van Suid-Afrika ◆ Republic of South Africa

Staatskoerant
Government Gazette

(As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer) (Registered at the Post Office as a Newspaper)

Prys 10c Price
Oorsee 15c Overseas
POSVRY – POST FREE

VOL. XIII.] PRETORIA, 3 JULIE 3 JULY 1964. [No. 841.

PROKLAMASIES

VAN DIE STAATSPRESIDENT VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA.

No. 148, 1964.]

WYSIGING VAN DIE BEPALINGS VIR DIE BEHEER VAN EVATON-NATURELLEDORP.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel *vyf-en-twintig* van die Naturelle-administrasie Wet, 1927 (Wet No. 38 van 1927), wysig ek hierby met ingang van 1 Desember 1963 die Bepalings vir die Beheer van Evaton-Naturelledorp, afgekondig by Proklamasie No. 54 van 20 Maart 1959, soos gewysig, soos volg:—

1. Deur artikel *agt* van Deel II deur die volgende te vervang:—

„8. Die pligte, werksaamhede en bevoegdhede van die Skakelkomitee is—

(*a*) om die Minister en die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling oor die algemeen van raad te dien in verband met alle sake wat die administrasie van die dorp raak;

(*b*) om alle stappe te doen wat nodig is om drank en Bantoebier en sodanige ander handelsartikels as wat verkoop mag word kragtens 'n spesiale magtiging ingevolge artikel *honderd bis* van die Drankwet, 1928 (Wet No. 30 van 1928), in die dorp te verskaf en te verkoop;

(*c*) om alle stappe te doen wat nodig is vir die benetting van water na standplase in Evaton-Naturelledorp en alle sake wat daarmee gepaard gaan en te dien einde is die Skakelkomitee, benewens enige ander bevoegdhede by hierdie Proklamasie aan hom verleen, bevoeg—

(i) om onderworpe aan die goedkeuring van die Minister ooreenkomste met naburige plaaslike besture aan te gaan vir samewerking met betrekking tot die aanlê van pyplyne en die koop van water van die Randwaterraad soos ingestel kragtens artikel *twee* van die Rand Water Board Incorporation Ordinance, 1903 [Ordonnansie No. 32 van 1903 (Transvaal)];

(ii) om sodanige koste vir water as wat die Minister van tyd tot tyd mag goedkeur en afkondig in die *Staatskoerant*, te hef en te vorder;

(iii) om water met pype na enige geokkupeerde standplaas aan te lê sonder die goedkeuring van die eienaar of okkupeerder daarvan en vir dié doel sonder die goedkeuring van, en sonder vergoeding aan, die eienaar of okkupeerder daarvan,

PROCLAMATIONS

BY THE STATE PRESIDENT OF THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA.

No. 148, 1964.]

AMENDMENT OF THE PROVISIONS FOR THE CONTROL OF EVATON NATIVE TOWNSHIP.

Under the powers vested in me by section *twenty-five* of the Native Administration Act, 1927 (Act No. 38 of 1927), I hereby amend with effect from the 1st December, 1963, the Provisions for the Control of Evaton Native Township published in Proclamation No. 54 of the 20th March, 1959, as amended, as follows:—

1. By the substitution for section *eight* of Part II of the following:—

"8. The duties, functions and powers of the Liaison Committee shall be—

(*a*) to advise the Minister and the Department of Bantu Administration and Development generally as regards all matters concerning the administration of the township;

(*b*) to take all steps necessary for the supply and sale in the township of liquor and Bantu beer and such other commodities as may be sold by virtue of a special authority in terms of section *one hundred bis* of the Liquor Act, 1928 (Act No. 30 of 1928);

(*c*) to take all steps necessary for the reticulation of water to stands in Evaton Native Township and matters incidental thereto, and to that end the Liaison Committee shall, in addition to any other powers vested in it by this Proclamation, have power—

(i) subject to the approval of the Minister to enter into agreements with neighbouring local authorities for co-operation in regard to the laying of pipelines and the purchase of water from the Rand Water Board as established under section *two* of the Rand Water Board Incorporation Ordinance, 1903 [Ordinance No. 32 of 1903 (Transvaal)];

(ii) to levy and collect such charges for water as may be approved by the Minister from time to time and published in the *Gazette;*

(iii) to lay on piped water to any occupied stand without the approval of the owner or occupier thereof and for the purpose without the approval of, and without compensating the owner or occupier thereof,

waterhoofpype, afleivore, pype en krane oor, onder of bo-oor enige eiendom of pad in die dorp, op te rig, aan te lê of te laat oprig of te laat aanlê, en mag verder sonder sodanige goedkeuring sodanige waterhoofpype, afleivore, pype en krane verander, herstel en in stand hou."

2. Deur Deel IX deur die volgende te vervang:—

STATUS VAN SKAKELKOMITEE.

1. (1) Vir die doeleindes van die verrigting van die pligte en werksaamhede en die uitoefening van die Skakelkomitee se bevoegdhede genoem in paragrawe (*b*) en (*c*) van artikel *agt* van Deel II—

(*a*) word hy beklee met regspersoonlikheid en is hy bevoeg om in sy naam as regspersoon eisend en verwerend op te tree en om alle handelinge te verrig wat vir die uitoefening van sy bevoegdhede en die verrigting van sy werksaamhede en pligte nodig is of daarmee gepaard gaan. Sy *domicilium citandi et executandi* is die kantoor van die Bantoesakekommissaris, Evaton;

(*b*) is hy bevoeg om, onderworpe aan die bepalings van artikel *vier* van Deel II, op te tree by besluit van die meerderheid van die lede wat op 'n vergadering teenwoordig is: Met dien verstande dat 'n uitvoerende komitee aangestel by sodanige besluit namens hom kan optree ten opsigte van sake in sodanige besluit gespesifiseer.

(2) Vir die doeleindes van die verrigting van die pligte en werksaamhede en die uitoefening van die Skakelkomitee se bevoegdhede genoem net in paragraaf (*b*) van artikel *agt* van Deel II word die Skakelkomitee geag—

(*a*) 'n stedelike plaaslike bestuur te wees vir die toepassing van artikel *honderd bis* van die Drankwet, 1928 (Wet No. 30 van 1928);

(*b*) 'n plaaslike bestuur te wees vir die toepassing van die bepalings van die Wet op Bantoebier, 1962 (Wet No. 63 van 1962), en die bepalings van genoemde Wet is, ondanks die bepalings van artikel *twee* daarvan, in die dorp van toepassing.

VERRIGTING VAN PLIGTE, WERKSAAMHEDE EN BEVOEGDHEDE.

2. (1) Die werk wat gepaard gaan met die verrigting van die Skakelkomitee se pligte en werksaamhede en die uitoefening van sy bevoegdhede soos uiteengesit in paragrawe (*b*) en (*c*) van artikel *agt* van Deel II van hierdie Proklamasie moet op sy koste en onder sy leiding en beheer verrig word deur beamptes deur die Skakelkomitee aangestel op sodanige bedinge en voorwaardes as wat hy kan spesifiseer.

(2) Die Minister kan regulasies maak met betrekking tot die werking en gebruik van die waternetwerk.

(3) Enige persoon wat optree namens of op gesag van die Skakelkomitee kan enige sodanige eiendom of pad betree om sodanige waterhoofpype, afleivore, pype en krane op te rig, aan te lê, en sodanige waterhoofpype, afleivore, pype en krane in stand te hou of te inspekteer.

(4) Die Skakelkomitee mag op versoek van die eienaar of okkupeerder van enige standplase en by vooruitbetaling van die koste veranderings en verlengings aanbring aan waterhoofpype, afleivore, pype en krane namens die eienaar of okkupeerder.

(5) Alle waterhoofpype, afleivore, pype en krane aangelê deur of namens die Skakelkomitee bly die eiendom van die Skakelkomitee.

VERPLIGTINGE MET BETREKKING TOT DIE WATERNETWERK.

3. (1) Geen verandering aan of verlengings van 'n installasie vir die netwerk van water mag deur enige persoon aangebring word nie sonder die goedkeuring van die Skakelkomitee of enige persoon wat namens hom of kragtens sy magtiging optree wie se goedkeuring onderworpe kan wees aan sodanige opdragte as wat die Skakelkomitee mag gee ten opsigte van die tipe en kwaliteit van materiaal wat gebruik moet word en die standaard van vakwerk waaraan gehou moet word.

construct or lay on or cause to be constructed or laid on, water mains, drains, pipes and taps across, under or over any property or road in the township, and may further without such approval cause such water mains, drains, pipes and taps to be altered, repaired and maintained."

2. By the substitution for Part IX of the following:—

STATUS OF LIAISON COMMITTEE.

1. (1) For the purpose of performing the duties and functions and exercising the powers mentioned in paragraphs (*b*) and (*c*) of section *eight* of Part II, the Liaison Committee shall—

(*a*) be a body corporate capable of suing and being sued in its corporate name and of performing all such acts as are necessary for or incidental to the exercising of its powers and the performance of its functions and duties. Its *domicilium citandi et executandi* shall be the office of the Bantu Affairs Commissioner, Evaton;

(*b*) subject to the provisions of section *four* of Part II, be authorised to act by resolution of the majority of the members present at any meeting: Provided that an executive committee appointed by such resolution may act on its behalf in regard to matters specified in such resolution.

(2) For the purpose of performing the duties and functions and exercising the powers mentioned only in paragraph (*b*) of section *eight* of Part II the Liaison Committee shall be deemed to be—

(*a*) an urban local authority for the purposes of section *one hundred bis* of the Liquor Act, 1928 (Act No. 30 of 1928);

(*b*) a local authority for the purposes of the provisions of the Bantu Beer Act, 1962 (Act No. 63 of 1962), and the provisions of the said Act shall, notwithstanding the provisions of section *two* thereof, apply in the township.

PERFORMANCE OF DUTIES, FUNCTIONS AND POWERS.

2. (1) The word incidental to the performance by the Liaison Committee of its duties and functions and the exercising of its powers as set out in paragraphs (*b*) and (*c*) of section *eight* of Part II of this Proclamation shall be performed at its expense and under its directions and control by officers appointed by the Liaison Committee on such terms and conditions as it may specify.

(2) The Minister may make regulations in regard to the operation and use of the water reticulation network.

(3) Any person acting on behalf or under the authority of the Liaison Committee may enter upon any such property or road to construct, lay on, alter, repair, maintain or inspect water mains, drains, pipes and taps.

(4) The Liaison Committee may at the request of the owner or occupier of any stand and upon prepayment of the cost effect alterations and extensions to water mains, drains, pipes and taps on behalf of the owner or occupier.

(5) All water mains, drains, pipes and taps laid on by or on behalf of the Liaison Committee shall remain the property of the Liaison Committee.

OBLIGATIONS IN RESPECT OF WATER RETICULATION.

3. (1) No alterations or extensions to an installation for the reticulation of water may be made by any person except with the approval of the Liaison Commitee or any person acting on its behalf or under its authority, whose approval may be conditional upon such directions as it may give as to the type and quality of the material to be used and standard of workmanship to be adhered to.

(2) Geen eienaar of okkupeerder van enige standplaas mag, nadat water met pype daarheen aangelê is, water vir huishoudelike doeleindes gebruik nie wat uit enige ondergrondse bron verkry is in die gebied waarop hierdie Proklamasie van toepassing is, en die Skakelkomitee kan na veertien dae kennisgewing aan die eienaar of okkupeerder om enige pype te verwyder wat water van enige sodanige ondergrondse bron na woonakkommodasie op sy standplaas voer, self sodanige pype verwyder, wat teruggegee moet word aan die eienaar of okkupeerder alleenlik by betaling deur hom van die koste van die werk verrig.

(3) Enige persoon wat die bepalings van hierdie artikel of enige regulasie deur die Minister gemaak kragtens subartikel (2) van artikel *twee* en afgekondig in die *Staatskoerant* oortree of wat die Skakelkomitee of enige persoon wat namens hom of kragtens sy magtiging optree in die uitoefening van sy werksaamhede hinder, of wat skade aan pype of installasies veroorsaak, begaan 'n misdryf en is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens honderd rand of gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens ses maande of met beide daardie boete en daardie gevangenisstraf.

REKENINGE.

4. (1) Die Skakelkomitee moet twee afsonderlike rekeninge hou wat die Drank- en Bantoebierrekening en die Waterrekening genoem moet word.

(2) Die rekeninge moet onderskeidelik gekrediteer word met alle inkomste wat voortkom uit of gepaard gaan met die verkoop van drank en Bantoebier en inkomste wat voortkom uit of gepaard gaan met die netwerk van water na standplase in die Evaton-Naturelledorp.

(3) Die rekeninge moet onderskeidelik gedebiteer word met alle koste, salarisse, lone, gelde, assuransiepremies, rente, regskoste, huurgelde, waardeverminderings, delgings en ander uitgawes in verband met die verkoop van drank en Bantoebier of wat daarmee gepaard gaan, of die netwerk van water na standplase in die Evaton-Naturelledorp en wat daarmee gepaard gaan.

(4) Sodanige rekeninge moet gehou word ten opsigte van 'n boekjaar wat op 1 Julie van elke jaar begin en op 30 Junie van die daaropvolgende jaar eindig.

(5) Na die einde van elke boekjaar moet die rekeninge gebalanseer en met die winste wat verkry is uit die verkoop van drank gehandel word op die wyse wat voorgeskryf is in die spesiale magtiging vir die verkoop van drank aan Bantoes, en die winste wat verkry is uit die verkoop van Bantoebier en water moet oorbetaal word in die algemene rekeninge van die Evaton-Trustfonds.

BEGROTING.

5. (1) Voor 1 Junie elke jaar moet die Skakelkomitee ten opsigte van elke rekening 'n begroting van inkomste en uitgawes vir die volgende boekjaar indien vir goedkeuring deur die Sekretaris van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling wat dit kan goedkeur onderworpe aan sodanige veranderings as wat hy nodig mag ag.

(2) Die aanvanklike begroting en enige aanvullende begroting wat nodig gevind mag word, kan te eniger tyd ingedien word.

OUDIT.

6. (1) Na die einde van elke boekjaar moet die rekeninge geouditeer word deur ouditeure wat deur die Skakelkomitee aangestel is.

(2) Geouditeerde finansiële state, met ingebrip van wins- en -verliesrekeninge, moet aan die Sekretaris van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling voorgelê word hoogstens drie maande na die einde van die boekjaar of binne sodanige langer tydperk as wat die Sekretaris van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling kan bepaal.

VORDERINGS VIR WATER.

7. (1) Vorderings vir water is betaalbaar in die dorp aan die Skakelkomitee ooreenkomstig die tarief en met ingang van die datum gespesifiseer in 'n kennisgewing afgekondig in die *Staatskoerant* kragtens subparagraaf (ii) van paragraaf (*c*) van artikel *agt* van Deel II: Met dien verstande dat daar geen vordering is ten opsigte van 'n standplaas waarheen water met pype nog nie aangelê is nie.

(2) No owner or occupier of any stand may, after piped water has been laid on thereto, use water obtained from any underground source in the area to which this Proclamation applies, for domestic purposes and the Liaison Committee may, after fourteen day's notice to the owner or occupier to remove any pipes conducting water from any such underground source to living accommodation on his stand, itself remove such pipes, which shall be returned to the owner or occupier only upon payment by him of the cost of the work performed.

(3) Any person who contravenes any provision of this section or of any regulation made by the Minister in terms of sub-section (2) of section *two* and published in the *Gazette* or who obstructs the Liaison Committee or any person acting on its behalf or under its authority in performing its functions, or who causes damage to any pipes or installations, shall be guilty of an offence and shall on conviction be liable to a fine not exceeding one hundred rand or to imprisonment for a period not exceeding six months or to both such fine and imprisonment.

ACCOUNTS.

4. (1) The Liaison Committee shall keep two separate accounts to be called the Liquor and Bantu Beer Account and the Water Account.

(2) The accounts shall be credited respectively with all revenues derived from or incidental to the sale of liquor and Bantu Beer and revenues derived from the reticulation of water to stands in Evaton Native Township and matters incidental thereto.

(3) The accounts shall be debited respectively with all costs, salaries, wages, fees, insurance premiums, interest, legal expenses and rents and with depreciation, redemption, and other charges in connection with or incidental to the sale of liquor and Bantu beer or the reticulation of water to stands in Evaton Native Township and matters incidental thereto.

(4) Such accounts shall be in respect of a financial year commencing on the 1st July of each year and ending on the 30th June of the succeeding year.

(5) After the end of each financial year the accounts shall be balanced, and the profits derived from the sale of liquor shall be dealt with in the manner specified in the special authority for the sale of liquor to Bantu, and the profits derived from the sale of Bantu beer and water shall be paid over to the general account of the Evaton Trust Fund.

ESTIMATES.

5. (1) Before the 1st June of each year the Liaison Committee shall submit estimates of revenue and expenditure for the next financial year in respect of each account, for approval by the Secretary for Bantu Administration and Development, who may approve such estimates, subject to such alterations as he may deem necessary.

(2) The initial estimates and any supplementary estimates as may be found to be necessary may be submitted at any time.

AUDIT.

6. (1) After the end of each financial year the accounts shall be audited by auditers appointed by the Liaison Committee.

(2) Audited financial statements, including profit and loss accounts, shall be submitted to the Secretary, for Bantu Administration and Development not later than three months after the end of the financial year, or within such further period as the Secretary for Bantu Administration and Development may determine.

CHARGES FOR WATER.

7. (1) Charges for water shall become payable in the Township to the Liaison Committee in accordance with the rate and from a date specified in a notice published in the *Gazette* in terms of sub-paragraph (ii) of paragraph (*c*) of section *eight* of Part II: Provided that there shall be no charge in respect of any stand to which piped water has not actually been laid on.

(2) Sodanige vorderings is verskuldig op die laaste dag van elke kalendermaand: Met dien verstande dat ten opsigte van enige standplaas waarheen die verskaffing van water gemeet word, die vordering verskuldig is op die dag waarop die watermeter in verband met die standplaas afgelees word.

(3) Die persoon verantwoordelik vir die betaling van sodanige vorderings ten opsigte van enige standplaas is die geregistreerde eienaar daarvan, of enige persoon wat andersins in beheer daarvan is: Met dien verstande dat indien sodanige eienaar of persoon in beheer daarvan vir 'n tydperk van dertig dae na die vervaldatum in gebreke bly om te betaal die okkupeerders van persele op sodanige standplaas gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik is vir die betaling van sodanige vorderings.

(4) Indien sodanige geregistreerde eienaar of enige ander persoon in beheer van 'n standplaas of enige okkupeerder vir 'n tydperk van drie maande na die vervaldatum in gebreke bly om sodanige vorderings te betaal, begaan hy 'n misdryf en is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R10 of gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens 30 dae, en die hof wat hom skuldig bevind, kan op aansoek van 'n persoon wat namens die Skakelkomitee optree, beveel dat 'n lasbrief van beslaglegging ten opsigte van die bedrag verskuldig vir sodanige vorderings teen hom uitgereik word. Al die bepalings van die Wet op Landdroshowe, 1944 (Wet No. 32 van 1944), en die reëls daarkragtens in verband met die uitvoering van lasbriewe van beslaglegging in siviele gedinge is van toepassing op 'n lasbrief aldus uitgereik.

(5) Die Skakelkomitee of enige persoon wat kragtens sy magtiging optree, kan te eniger tyd opdrag gee dat die verskaffing van water aan enige standplaas ten opsigte waarvan die vorderings vir 'n tydperk van meer as dertig dae onbetaald gebly het, opgeskort word, en kan verder beveel dat sodanige opskorting nie opgehef word nie voordat die geregistreerde eienaar of ander persoon wat beheer oor die standplaas het sekuriteit gegee het deur die inbetaling van sodanige bedrag as wat die Skakelkomitee kan bepaal vir die toekomstige betaling van vorderings vir water.

(6) Niks in hierdie artikel word uitgelê nie as sou dit die Skakelkomitee sy reg ontneem om gewone siviele aksie teen 'n wanbetaler in te stel.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Kaapstad, op hede die Vyfde dag van Junie Eenduisend Negehonderd Vier-en-sestig.

C. R. SWART,
Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade.

M. D. C. DE W. NEL.

A.15/1191.
A.1/1191.

No. 149, 1964.]

HEFFING VAN 'N SPESIALE BELASTING VAN DIE BIYELASTAM ONDER WAARNEMENDE KAPTEIN QATYIMPI BIYELA IN DIE DISTRIK MTONJANENI.

Nademaal die Biyelastam onder waarnemende kaptein Qatyimpi Biyela in die distrik Mtonjaneni, vrywillig aansoek gedoen het om die heffing van 'n spesiale belasting ten einde fondse in te samel vir die oprigting van skole, klinieke en 'n stamkantoor en vir die bestuur en beheer oor die sake van die stam;

En nademaal die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling—

(*a*) daarvan oortuig is dat die meerderheid van die belastingbetalers van genoemde stam so 'n heffing verlang; en

(*b*) die doel waarvoor dit opgelê moet word, goedkeur;

(2) Such charges shall be due on the last day of each calendar month: Provided that in respect of any stand to which the supply of water is metered the charge shall be due on the day on which the water meter relating to that stand is read.

(3) The person responsible for the payment of such charges in respect of any stand shall be the registered owner thereof, or any person otherwise in charge thereof: Provided that if such owner or person in charge thereof has remained in default of payment for thirty days from the due date the occupiers of premises on such stand shall be liable jointly and severally for the payment of such charges.

(4) If such registered owner or other person in charge of a stand or any occupier has remained in default with the payment of such charges for a period of three months after the due date, he sall be guilty of an offence and be liable on conviction to a fine not exceeding R10 or to imprisonment not exceeding 30 days, and the court convicting him may on the application of a person acting on behalf of the Liaison Committee order that a warrant of attachment in respect of the amount due for such charges be issued against him. All the provisions of the Magistrates' Courts Act, 1944 (Act No. 32 of 1944), and the rules thereunder relating to the execution of warrants of attachment in civil proceedings shall apply to a warrant so issued.

(5) The Liaison Committee or any person acting under its authority may at any time direct that the supply of water to any stand in respect of which the charges have remained unpaid for more than thirty days be suspended, and it may further direct that such suspension shall not cease until the registered owner or other person having charge of the stand has given security by the deposit of such sum as the Liaison Committee may determine for the future payment of charges for water.

(6) Nothing in this section shall be construed as depriving the Liaison Committee of its right of proceeding against a defaulter by ordinary civil action.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Cape Town on this Fifth day of June, One thousand Nine hundred and Sixty-four.

C. R. SWART,
State President.

By Order of the State President-in-Council.

M. D. C. DE W. NEL.

A.15/1191.
A.1/1191.

No. 149, 1964.]

LEVY OF A SPECIAL RATE ON THE BIYELA TRIBE UNDER ACTING CHIEF QATYIMPI BIYELA IN THE MTONJANENI DISTRICT.

Whereas the Biyela Tribe under Acting Chief Qatyimpi Biyela in the Mtonjaneni District, has voluntarily made application for the levy of a special rate for the purpose of collecting funds for the erection of schools, clinics and a tribal office and for the management and control of the affairs of the tribe;

And whereas the Minister of Bantu Administration and Development—

(*a*) is satisfied that the majority of the taxpayers of the said tribe desires such a levy; and

(*b*) approves the purpose for which it is to be imposed;

So is dit dat ek kragtens die bevoegdheid my verleen by subartikel (1) van artikel *vyftien* van die Naturelle Belasting en Ontwikkeling Wet, 1925 (Wet No. 41 van 1925), hierby soos volg verklaar: —

(1) 'n Spesiale belasting van vyftig sent per jaar vir die jare 1964 tot en met 1973 word hierby gehef van elke lid van genoemde stam wat 'n belastingbetaler is.

(2) Die spesiale belasting wat hierby gehef word, is betaalbaar met ingang van die jaar 1964 en is verskuldig en betaalbaar op die datum van afkondiging hiervan ten opsigte van die jaar 1964 en op die eerste dag van Januarie van elke daaropvolgende jaar waarin dit van krag is.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Kaapstad, op hede die Vyfde dag van Junie Eenduisend Negehonderd Vier-en-sestig.

C. R. SWART,
Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade.

M. D. C. DE W. NEL.

F. 53/25/1421

No. 150, 1964.]

HEFFING VAN 'N SPESIALE BELASTING VAN DIE MSIBISTAM ONDER KAPTEIN MZIWENTSHA MSIBI IN DIE DISTRIK PIET RETIEF.

Nademaal die Msibistam onder kaptein Mziwentsha Msibi in die distrik Piet Retief vrywillig aansoek gedoen het om die heffing van 'n spesiale belasting ten einde fondse in te samel vir die terugbetaling van 'n lening, toegestaan deur die Simdlangentshastreeksowerheid aan die Msibistamowerheid ten einde hom in staat te stel om sy gedeelte van die koste van die oprigting van 'n sekondêre skool te dra, en vir algemene stamdoeleindes;

En nademaal die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling—

(*a*) daarvan oortuig is dat die meerderheid van die belastingbetalers van genoemde stam so 'n heffing verlang; en

(*b*) die doel waarvoor dit opgelê moet word, goedkeur;

So is dit dat ek kragtens die bevoegdheid my verleen by subartikel (1) van artikel *vyftien* van die Naturelle Belasting en Ontwikkeling Wet, 1925 (Wet No. 41 van 1925), hierby soos volg verklaar: —

(1) 'n Spesiale belasting van vyftig sent per jaar vir die jare 1964 tot en met 1968 word hierby gehef van elke lid van genoemde stam wat 'n belastingbetaler is.

(2) Die spesiale belasting wat hierby gehef word, is betaalbaar met ingang van die jaar 1964 en is verskuldig en betaalbaar op die datum van afkondiging hiervan ten opsigte van die jaar 1964 en op die eerste dag van Januarie van elke daaropvolgende jaar waarin dit van krag is.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Kaapstad, op hede die Vyfde dag van Junie Eenduisend Negehonderd Vier-en-sestig.

C. R. SWART,
Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade.

M. D. C. DE W. NEL.

F. 53/1526/4.

Now, therefore, under and by virtue of the powers vested in me by sub-section (1) of section *fifteen* of the Natives Taxation and Development Act, 1925 (Act No. 41 of 1925), I do hereby declare as follows: —

(1) A special rate of fifty cents per annum for the years 1964 to 1973, inclusive, is hereby levied on every member of the said tribe who is a taxpayer.

(2) The special rate hereby levied shall be payable with effect from the year 1964 and shall become due and payable on the date of publication hereof in respect of the year 1964 and on the first day of January of each succeeding year during which it is in operation.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Cape Town on this Fifth day of June, One thousand Nine hundred and Sixty-four.

C. R. SWART,
State President.

By Order of the State President-in-Council.

M. D. C. DE W. NEL.

No. 53/25/1421.

No. 150, 1964.]

LEVY OF A SPECIAL RATE ON THE MSIBI TRIBE UNDER CHIEF MZIWENTSHA MSIBI IN THE PIET RETIEF DISTRICT.

Whereas the Msibi Tribe under Chief Mziwentsha Msibi in the District of Piet Retief has voluntarily made application for the levy of a special rate for the purpose of collecting funds for the repayment of a loan, made by the Simdlangentsha Regional Authority to the Msibi Tribal Authority to enable it to bear its portion of the cost of the erection of a secondary school, and for general tribal purposes;

And whereas the Minister of Bantu Administration and Development—

(*a*) is satisfied that the majority of the taxpayers of the said tribe desires such a levy; and

(*b*) approves the purpose for which it is to be imposed;

Now, therefore, under and by virtue of the powers vested in me by sub-section (1) of section *fifteen* of the Natives Taxation and Development Act, 1925 (Act No. 41 of 1925), I do hereby declare as follows: —

(1) A special rate of fifty cents per annum for the years 1964 to 1968, inclusive, is hereby levied on every member of the said tribe who is a taxpayer.

(2) The special rate hereby levied shall be payable with effect from the year 1964 and shall become due and payable on the date of publication hereof in respect of the year 1964 and on the first day of January of each succeeding year during which it is in operation.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Cape Town on this Fifth day of June, One thousand Nine hundred and Sixty-four.

C. R. SWART,
State President.

By Order of the State President-in-Council.

M. D. C. DE W. NEL.

F. 53/1526/4.

No. 151, 1964.]

HEFFING VAN 'N SPESIALE BELASTING VAN DIE SIMELANESTAM ONDER KAPTEIN QATA MALINGA IN DIE DISTRIK PIET RETIEF.

Nademaal die Simelanestam onder kaptein Qata Malinga in die distrik Piet Retief vrywillig aansoek gedoen het om die heffing van 'n spesiale belasting ten einde fondse in te samel vir die terugbetaling van 'n lening, toegestaan deur die Simdlangentshastreeksowerheid aan die Simelanestamowerheid ten einde hom in staat te stel om sy gedeelte van die koste van die oprigting van 'n sekondêre skool te dra, en vir algemene stamdoeleindes;

En nademaal die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling—

(*a*) daarvan oortuig is dat die meerderheid van die belastingbetalers van genoemde stam so 'n heffing verlang; en

(*b*) die doel waarvoor dit opgelê moet word, goedkeur;

So is dit dat ek kragtens die bevoegdheid my verleen by subartikel (1) van artikel *vyftien* van die Naturelle Belasting en Ontwikkeling Wet, 1925 (Wet No. 41 van 1925), hierby soos volg verklaar:—

(1) 'n Spesiale belasting van vyftig sent per jaar vir die jare 1964 tot en met 1968, word hierby gehef van elke lid van genoemde stam wat 'n belastingbetaler is.

(2) Die spesiale belasting wat hierby gehef word, is betaalbaar met ingang van die jaar 1964 en is verskuldig en betaalbaar op die datum van afkondiging hiervan ten opsigte van die jaar 1964 en op die eerste dag van Januarie van elke daaropvolgende jaar waarin dit van krag is.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Kaapstad, op hede die Vyfde dag van Junie Eenduisend Negehonderd Vier-en-sestig.

C. R. SWART,
Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade.

M. D. C. DE W. NEL.

F. 53/1526/2.

No. 152, 1964.]

GEPROKLAMEERDE GEBIED VAN UMHLANGA ROCKS.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by subartikel (1) en subartikel (1) *bis* van artikel *drie-en-twintig* van die Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945 (Wet No. 25 van 1945), verklaar ek hierby dat die stadsgebied van Umhlanga Rocks met ingang van die eerste dag van die maand wat volg op dié waarin afkondiging hiervan geskied (genoemde dag word hieronder die bepaalde datum genoemd), 'n gebied is waarop die bepalings van genoemde artikel *drie-en-twintig* van toepassing is;

Voorts gelas ek die stedelike plaaslike bestuur van Uhmlanga Rocks om die bevoegdhede genoem in paragrawe (*a*) tot en met (*h*) van subartikel (1) van genoemde artikel *drie-en-twintig* met ingang van die bepaalde datum in genoemde gebied uit te oefen, behalwe dat ten opsigte van 'n werkgewer wat in genoemde gebied na goud of steenkool delf of by die produksie van uraan betrokke is, en 'n Naturel wat in verband met sodanige delf na goud of steenkool of by sodanige produksie van uraan by sodanige werkgewer in diens is, genoemde bevoegdhede deur my, en nie deur die stedelike plaaslike bestuur van Umhlanga Rocks nie, uitgoefen word.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Kaapstad, op hede die Vyfde dag van Junie Eenduisend Nege-honderd vier-en-sestig.

C. R. SWART,
Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade.

M. D. C. DE W. NEL.

C. 42/1693.

No. 151, 1964.]

LEVY OF A SPECIAL RATE ON THE SIMELANE TRIBE UNDER CHIEF QATA MALINGA IN THE PIET RETIEF DISTRICT.

Whereas the Simelane Tribe under Chief Qata Malinga in the District of Piet Retief has voluntarily made application for the levy of a special rate for the purpose of collecting funds for the repayment of a loan, made by the Simdlangentsha Regional Authority to the Simelane Tribal Authority to enable it to bear its portion of the cost of the erection of a secondary school, and for general tribal purposes;

And whereas the Minister of Bantu Administration and Development—

(*a*) is satisfied that the majority of the taxpayers of the said tribe desires such a levy; and

(*b*) approves the purpose for which it is to be imposed;

Now, therefore, under and by virtue of the powers vested in me by sub-section (1) of section *fifteen* of the Natives Taxation and Development Act, 1925 (Act No. 41 of 1925), I do hereby declare as follows:—

(1) A special rate of fifty cents per annum for the years 1964 to 1968, inclusive, is hereby levied on every member of the said tribe who is a taxpayer.

(2) The special rate hereby levied shall be payable with effect from the year 1964 and shall become due and payable on the date of publication hereof in respect of the year 1964 and on the first day of January of each succeeding year during which it is in operation.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Cape Town on this Fifth day of June, One thousand Nine hundred and Sixty-four.

C. R. SWART,
State President.

By Order of the State President-in-Council.

M. D. C. DE W. NEL.

F. 53/1526/2.

No. 152, 1964.]

PROCLAIMED AREA OF UHMLANGA ROCKS.

Under and by virtue of the powers vested in me by sub-section (1) and sub-section (1) *bis* of section *twenty-three* of the Natives (Urban Areas) Consolidation Act, 1945 (Act No. 25 of 1945), I hereby declare that with effect from the first day of the month following that in which publication hereof takes place (the said day is hereinafter referred to as the fixed date), the urban area of Umhlanga Rocks shall be an area subject to the provisions of the said section *twenty-three*;

And I further require the urban local authority of Umhlanga Rocks to exercise with effect from the fixed date within the said area the powers specified in paragraph (*a*) to and including (*h*) of sub-section (1) of the said section *twenty-three*, save that in respect of any employer engaged in mining for gold or coal or in the production of uranium in the said area and any Native employed by such employer in connection with such mining for gold or coal or in such production of uranium, the said powers shall be exercised by me and not by the urban local authority of Umhlanga Rocks.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Cape Town on this Fifth day of June, One thousand Nine hundred and Sixty-four.

C. R. SWART,
State President.

By Order of the State-President-in-Council.

M. D. C. DE W. NEL.

C. 42/1693.

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS.

DEPARTEMENT VAN DIE EERSTE MINISTER.

No. 983.] [3 Julie 1964.

AANSTELLING VAN WAARNEMENDE MINISTER.

Hierby word bekendgemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die aanstelling, met ingang van 1 Julie 1964, van Sy Edele J. J. FOUCHÉ as Waarnemende Minister van Vervoer gedurende die afwesigheid uit Suid-Afrika van Sy Edele B. J. SCHOEMAN.

DEPARTEMENT VAN LANDE.

No. 970.] [3 Julie 1964.

VOORGESTELDE VERHURING VAN 'N AANLEGSTEIERTERREIN IN DIE KOWIERIVIER, PORT ALFRED, AFDELING BATHURST.

Hierby word ingevolge artikel *drie* (5) van die Strandwet, 1935, bekendgemaak dat die Minister van Lande van voorneme is om 'n aanlegsteierterrein, groot ongeveer 55 voet by 4 voet, geleë onderkant die hoogwatermerk van die Kowierivier, teenoor Erf No. 183, Port Alfred, afdeling Bathurst, aan mnr. W. J. du Toit te verhuur.

'n Liggingsplan lê ter insae in die kantore van die Streeksverteenwoordiger, Departement van Lande, Grand Parade Centre, Trafalgar Place, Kaapstad, en die Stadsklerk, Port Alfred.

(Lande D. 21247/54.)

DEPARTEMENT VAN FINANSIES

No. 1002.] [3 Julie 1964.

Maandelikse Opgawes per 31 Mei 1964 ingevolge artikel *dertien* (3) van die Bankwet, 1942, van Instellings wat as Handelsbanke geregistreer is.

GOVERNMENT NOTICES.

DEPARTMENT OF THE PRIME MINISTER.

No. 983.] [3 July 1964.

APPOINTMENT OF ACTING MINISTER.

It is hereby notified that the State President has approved of the appointment, with effect from 1st July, 1964, of the Honourable J. J. FOUCHÉ as Acting Minister of Transport during the absence from South Africa of the Honourable B. J. SCHOEMAN.

DEPARTMENT OF LANDS.

No. 970.] [3 July 1964.

PROPOSED LEASE OF A LANDING STAGE SITE IN THE KOWIE RIVER, PORT ALFRED, DIVISION OF BATHURST.

Notice is hereby given in terms of section *three* (5) of the Sea-shore Act, 1935, that the Minister of Lands proposes to lease a landing stage site, measuring approximately 55 feet by 4 feet, situate below the high-water mark of the Kowie River opposite Erf No. 183, Port Alfred, Division of Bathurst, to Mr. W. J. du Toit.

A locality plan lies for inspection at the offices of the Regional Representative, Department of Lands, Grand Parade Centre, Trafalgar Place, Cape Town, and the Town Clerk, Port Alfred.

(Lands D. 21247/54.)

DEPARTMENT OF FINANCE.

No. 1002.] [3 July 1964.

Monthly Returns as at 31st May, 1964, in terms of section *thirteen* (3) of the Banking Act, 1942, of Institutions registered as Commercial Banks.

	Barclays Bank D.C.O.	The Chase Manhattan Bank (S.A.), Ltd.	First National City Bank of New York (S.A.), Ltd.	French Bank of Southern Africa, Ltd.	Nederlandse Bank van Suid-Afrika, Beperk.	The South African Bank of Athens, Ltd.	The Standard Bank of South Africa, Ltd.	Die Stellenbossche Distriksbank, Bpk.	Volkskas, Beperk.	Totaal. Total.
Verpligtings teenoor die Publiek in die Republiek en Suidwes-Afrika / *Liabilities to the Public in the Republic and South West Africa*	R	R	R	R	R	R	R	R	R	R
Onmiddellik opeisbare verpligtings / Demand Liabilities	510,086,387	4,307,588	2,884,566	8,341,467	64,387,755	2,036,930	452,141,446	3,294,082	158,477,069	1,205,957,290
Termynverpligtings / Time Liabilities	134,874,095	5,465,348	10,790,567	14,332,026	34,523,748	932,952	108,711,759	2,429,379	73,765,590	385,825,464
Totale verpligtings teenoor die publiek / Total Liabilities to the Public	644,960,482	9,772,936	13,675,133	22,673,493	98,911,503	2,969,882	560,853,205	5,723,461	232,242,659	1,591,782,754
Bates in die Republiek en Suidwes-Afrika / *Assets in the Republic and South West Africa*										
Pasmunt / Subsidiary Coin	2,500,207	5,879	2,166	9,658	334,899	8,612	1,780,558	8,095	630,820	5,280,894
Goudmunt en Staafgoud / Gold Coin and Bullion	73,787	—	—	—	—	—	9,347	—	—	83,134
Suid-Afrikaanse Reservebanknote / Notes of South African Reserve Bank	15,762,876	62,199	79,153	93,115	1,691,914	32,129	14,455,607	64,511	4,447,086	36,688,590
Kreditsaldo in Suid-Afrikaanse Reserwebank / Credit Balance in South African Reserve Bank	55,220,856	608,382	560,109	1,361,339	7,575,980	361,936	48,455,252	407,000	18,623,887	133,174,741
Kreditsaldo in Nasionale Finansiekorporasie van Suid-Afrika / Credit Balance in National Finance Corporation of South Africa	18,400,000	400,000	100,000	930,000	900,000	100,000	5,900,000	300,000	4,250,000	31,280,000
Totale Kontantreserwes / Total Cash Reserves	91,957,726	1,076,460	741,428	2,394,112	10,502,793	502,677	70,600,764	779,606	27,951,793	206,507,359
Ander Likwiede Bate / Other Liquid Assets	200,465,494	3,266,648	4,190,586	6,774,280	22,581,282	1,206,771	129,277,349	1,436,812	55,976,590	425,175,812
Totale Likwiede Bate / Total Liquid Assets	292,423,220	4,343,108	4,932,014	9,168,392	33,084,075	1,709,448	199,878,113	2,216,418	83,928,383	631,683,171
Totale Lenings en Diskonterings / Total Loans and Discounts	376,648,848	6,300,475	9,916,614	17,528,115	77,416,725	1,404,620	374,347,106	4,130,260	145,391,920	1,013,084,683
Verhoudingsyfers / *Ratios*										
Likwiede Bateverhoudings / Liquid Assets Ratio	% 45·70	% 44·72	% 40·04	% 39·74	% 34·31	% 62·13	% 35·80	% 39·82	% 35·69	% 39·99

No. 971.] [10 Julie 1964.

Hierby word bekendgemaak dat die Oordragboeke van ondergenoemde Plaaslike Geregistreerde Effekte van 15 Julie 1964 tot en met 15 Augustus 1964 gesluit sal wees en dat die dividende betaalbaar op 15 Augustus 1964 aan die effektebesitters wat op die datum van sluiting van die Oordragboeke geregistreer is, betaal sal word.

Plaaslike Geregistreerde 3-persenteffekte, 1957/66.

DEPARTEMENT VAN VERVOER.

No. 1001.] [3 Julie 1964.

PLAASLIKE PADVERVOERRAAD, KAAPSTAD.

Sy Edele die Minister van Vervoer, het ingevolge artikel *drie* (7) van die Motortransportwet, 1930 (Wet No. 39 van 1930), soos gewysig, mnr. Thomas Vyvyan More met ingang van 4 Junie 1964 en vir 'n tydperk wat nie na 31 Desember 1964 sal strek nie, as lid van die bogenoemde Plaaslike Padvervoerraad vir die Plaaslike Transportgebied No. 4 soos in Proklamasie No. 334 van 1948, soos gewysig, omskryf, aangestel.

DEPARTEMENT VAN SPOORWEË, HAWENS EN LUGDIENS.

No. 1000.] [3 Julie 1964.

DEPARTEMENT VAN DIE SUID-AFRIKAANSE SPOORWEË EN HAWENS.—WYSIGING IN DIE TENDERRAADINSTRUKSIES.

Die Minister van Vervoer het, ingevolge artikel *drie* (2) van Wet no. 73 van 1962, goedkeuring verleen aan die vervanging van instruksies nos. 30 (*d*) en 31 van die Tenderraadinstruksies van die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens, deur die volgende nuwe instruksies wat van toepassing sal wees op alle tenders wat na die eerste dag van September 1964 deur die Spoorwegadministrasie uitgereik word:—

30. (*d*) As 'n vergelyking gemaak moet word tussen tenders vir voorrade wat in die Republiek van Suid-Afrika geproduseer of vervaardig is, moet die verskeie voorkeure wat kragtens instruksie no. 31, toegestaan word van die betrokke tenderpryse afgetrek word, en die spoorvrag of ander vervoerkoste tot op die plek waar die Administrasie die voorrade nodig het, bereken teen die tarief deur die Administrasie bepaal, bygetel word.

31. (*a*) Aangesien dit die beleid van die Regering van die Republiek van Suid-Afrika is om plaaslike nywerhede en handelsbelange in die Republiek aan te moedig, moet departemente by die vergelyking van tenders wat ontvang word, die voorkeure verleen wat in subparagraaf (*c*) uiteengesit is.

(*b*) Die volgende woordbepalings moet by die bepaling van die „plaaslike inhoud" van voorrade vir die doel van paragraaf (*c*) (iii) toegepas word:

„Plaaslike inhoud" beteken daardie gedeelte van die tenderprys wat nie in die „ingevoerde inhoud", soos hieronder bepaal, ingesluit is nie.

„Ingevoerde inhoud" beteken dié gedeelte van die tenderprys wat die koste uitmaak van bestanddele, onderdele of materiaal wat by die fabriek (soos hieronder uiteengesit) in die Republiek van Suid-Afrika gelewer word, wat gebruik moet word vir die vervaardig, produseer of inmekaarsit van die voorrade waarvoor getender is, en wat ingevoer is of nog ingevoer moet word hetsy deur die tenderraad, sy leweransiers of subaannemers.

No. 971.] [10th July, 1964.

Notice is hereby given that the Transfer Books of the undermentioned Local Registered Stock will be closed from the 15th July, 1964, to the 15th August, 1964, both days inclusive, and that the Dividends due on the 15th August, 1964, will be paid to the Stockholders registered at the date of the closing of the Transfer Books:—

3 Per Cent Local Registered Stock, 1957/66.

DEPARTMENT OF TRANSPORT.

No. 1001.] [3 July 1964.

LOCAL ROAD TRANSPORTATION BOARD, CAPE TOWN.

The Honourable the Minister of Transport has, in terms of section *three* (7) of the Motor Carrier Transportation Act, 1930 (Act No. 39 of 1930), as amended, appointed Mr. Thomas Vyvyan More as member of the above-mentioned Local Road Transportation Board for the Local Transportation Area No. 4 as defined in Proclamation No. 334 of 1948, as amended, with effect from 4th June, 1964, and for a period not beyond 31st December, 1964.

DEPARTMENT OF RAILWAYS, HARBOURS AND AIRWAYS.

No. 1000.] [3 July 1964.

DEPARTMENT OF THE SOUTH AFRICAN RAILWAYS AND HARBOURS.—AMENDMENT OF THE TENDER BOARD INSTRUCTIONS.

The Minister of Transport has, in terms of section *three* (2) of Act No. 73 of 1962, approved of the substitution for Instructions Nos. 30 (*d*) and 31 of the South African Railways and Harbours Tender Board Instructions of the following new instructions, which shall apply with respect to every tender issued by the Railway Administration after the first day of September, 1964:—

30. (*d*) Where a comparison has to be made between tenders for supplies produced or manufactured within the Republic of South Africa, the various preferences accorded in terms of Instruction No. 31 shall be deducted from the respective tendered prices, and railage or other transport charges applicable to the point where the supplies are required by the Administration shall be added at the rate determined by the Administration.

31. (*a*) As the encouragement of local industries and commercial interests in the Republic of South Africa is the policy of the Government of the Republic of South Africa, departments shall, in comparing tenders received, allow the preferences set out in sub-paragraph (*c*) hereunder.

(*b*) In determining the "local content" of supplies for the purposes of paragraph (*c*) (iii), the following definitions shall be applied:—

"Local content" means that portion of the tender price which is not included in the "imported content", as defined below.

"Imported content" means that portion of the tender price which represents the landed cost at factory (as defined below) in the Republic of South Africa, of components, parts or materials which are to be used in the manufacture, production or assembly of the supplies tendered for, and which have been or are still to be imported, whether by the tenderer or by his suppliers or sub-contractors.

„ Koste gelewer by die fabriek ", beteken sowel die buitelandse koste plus regstreekse invoerkoste soos skeepsvrag, alle lossingskoste, kaaigeld, invoerregte en dies meer, by die Suid-Afrikaanse invoerhawe, as vervoer- en hanteerkoste na die fabriek in die Republiek van Suid-Afrika waar die voorrade waarvoor getender word, vervaardig of inmekaargesit word.

(*c*) Die volgende voorkeurskale moet toegepas word: —

(i) Een persent op ingevoerde voorrade wat aangebied word uit voorrade wat reeds in die Republiek van Suid-Afrika gehou word; dit is net van toepassing wanneer 'n vergelyking gemaak word met goedere wat nog ingevoer moet word.

(ii) Een persent op voorrade wat die standaardmerk van die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde dra; dit is net van toepassing as tenders vir voorrade wat in die Republiek van Suid-Afrika vervaardig is, vergelyk word.

(iii) (*a*) Een persent as die plaaslike inhoud in verhouding tot die tenderprys nie 5 persent oorskry nie.

(*b*) Twee persent as die plaaslike inhoud in verhouding tot die tenderprys meer is as 5 persent, maar nie 10 persent oorskry nie.

(*c*) Drie persent as die plaaslike inhoud in verhouding tot die tenderprys meer is as 10 persent, maar nie 20 persent oorskry nie.

(*d*) Vier persent as die plaaslike inhoud in verhouding tot die tenderprys meer is as 20 persent, maar nie 30 persent oorskry nie.

(*e*) Vyf persent as die plaaslike inhoud in verhouding tot die tenderprys meer is as 30 persent, maar nie 40 persent oorskry nie.

(*f*) Ses persent as die plaaslike inhoud in verhouding tot die tenderprys meer is as 40 persent, maar nie 50 persent oorskry nie.

(*g*) Sewe persent as die plaaslike inhoud in verhouding tot die tenderprys meer is as 50 persent, maar nie 60 persent oorskry nie.

(*h*) Agt persent as die plaaslike inhoud in verhouding tot die tenderprys meer is as 60 persent, maar nie 70 persent oorskry nie.

(*i*) Nege persent as die plaaslike inhoud in verhouding tot die tenderprys meer is as 70 persent, maar nie 80 persent oorskry nie.

(*j*) Tien persent as die plaaslike inhoud meer as 80 persent van die tenderprys uitmaak.

DEPARTEMENT VAN BINNELANDSE SAKE.

No. 972.] [23 Junie 1964.

NAAMSVERANDERING.—ARTIKEL *NEGE* VAN DIE WET OP VREEMDELINGE, 1937, SOOS GEWYSIG—KUI IN WONG.

Dit het die Staatspresident behaag om, kragtens die bepalings van artikel *nege* van die Wet op Vreemdelinge, 1937 (Wet No. 1 van 1937), soos gewysig, Herbert Kui, woonagtig te Sworderstraat 81, Turffontein, Johannesburg, te magtig om die van Wong aan te neem.

(4) As 'n permithouer, in subregulasies (2) en (3) vermeld, sterf, het die persoon wat by wet daartoe geregtig is om die boedel van sodanige houer te beredder, dieselfde regte ingevolge subregulasies (2) en (3) ten opsigte van die verwydering en verkoop van of beskikking oor verbeterings as sodanige houer.

Cancellation of Occupation Permits.

12. (1) Any occupation permit may, on the superintendent's giving the holder thereof not less than one month's notice in writing of his intention to do so, be cancelled by the superintendent on such holder's—

(*a*) being, for a continous period of more than one month before the issue of such notice, unemployed or not following within the urban area some lawful occupation; or

(*b*) being employed for a period of more than one month outside the urban area; or

(*c*) failing without reasonable cause to complete any building, structure or fence on the relative site within the period stipulated by the superintendent; or

(*d*) having received written notice from the Town Board, acting upon the written report of the medical officer, to repair, alter, rebuild or demolish any dwelling, building, outhouse, fence or other structure, failing, refusing or neglecting within three months of the date of receipt of such notice and without reasonable cause to carry out such instructions; or

(*e*) leaving or vacating for a period of more than one month without the written permission of the superintendent, the site in respect of which the occupation permit was issued; or

(*f*) at any time proving to be or becoming ineligible to qualify as a resident in the camp in terms of regulation 5; or

(*g*) failing or refusing to move to any location or Native village defined, set apart and laid out in terms of paragraphs (*a*) and (*b*) respectively of subsection (1) of section *two* of the Act when required to do so by the superintendent; or

(*h*) being required in terms of section *ten* of the Act to leave the urban area; or

(*i*) having acquired such permit by making a false, incorrect or misleading statement material to the issue of such permit, knowing the same to be false, incorrect or misleading;

and on such cancellation of the occupation permit the holder thereof and his family shall forthwith leave the camp.

(2) Any person who has held any occupation permit which has been cancelled and who has erected improvements or acquired an interest in any improvements erected on the site referred to in that permit shall have the right, before the date of the coming into operation of the cancellation of such permit, to remove such improvements or to dispose of his interest in such improvements to a purchaser approved by the Town Board: Provided that such holder shall have the right to sell such interest to the Town Board at a price, in default of agreement, to be determined by the Bantu Affairs Commissioner. Should such holder or the Town Board be dissatisfied with the Bantu Affairs Commissioner's determination the Town Board shall dispose of such interest by public auction.

(3) Should any holder who has held any occupation permit which has been cancelled fail, neglect or refuse to avail himself of the right set out in sub-regulation (2), the Town Board may demolish such improvements or may dispose of such holder's interest in such improvements at a price to be fixed in consultation with the Bantu Affairs Commissioner, and after deducting the amount of any fees due and any expenses incurred, the Town Board shall pay the balance to such holder: Provided that should the Town Board and the Bantu Affairs Commissioner be unable to come to an agreement in regard to the price referred to in this sub-regulation, the Town Board shall dispose of such interest by public auction.

(4) In the event of the death of any permit holder referred to in sub-regulation (2) or (3), the person entitled by law to administer the estate of such holder shall have the same rights under sub-regulations (2) and (3) in respect of the removal, sale or disposal of improvements as such holder.

(5) Geen bewoner van die kamp het die reg om by die ontbinding van die kamp of te eniger tyd 'n eis vir vergoeding ten opsigte van enige verbeterings wat hy op enige perseel aangebring het, teen die Dorpsraad in te stel nie: Met dien verstande dat sodanige bewoner alle materiaal van die perseel kan verwyder wat aldus verwyder kan word sonder om die grond te beskadig.

Intrekking van permitte en uitsetting by wanbetaling.

13. (1) As iemand versuim om enige bedrag waarvoor hy ooreenkomstig die bepalings van hierdie hoofstuk aanspreeklik is, binne een maand na die datum waarop sodanige bedrag verskuldig en betaalbaar is, te betaal, kan die superintendent, nadat hy sodanige persoon een maand skriftelik kennis van sy voorneme gegee het, enige permit wat aan sodanige persoon uitgereik is en wat hom magtig om in die kamp te wees of te woon, intrek met ingang van die datum in sodanige kennisgewing genoem.

(2) As 'n woonpermit ingevolge die bepalings van subregulasie (1) ingetrek is, het die Dorpsraad die reg om enige verbeterings of eiendom op die perseel in sodanige permit vermeld, van die hand te sit, en nadat die bedrag wat deur die persoon wie se woonpermit aldus ingetrek is, verskuldig is, en redelike koste afgetrek is van die bedrag wat deur die verkoop opgebring is, moet die saldo, as daar is, aan sodanige persoon oorhandig word: Met dien verstande dat die Dorpsraad minstens veertien dae kennis moet gee van sy voorneme om hierdie reg uit te oefen, deur sodanige kennisgewing op sodanige persoon te laat beteken of, as sy verblyfplek nie bekend is nie, deur 'n afskrif van die kennisgewing aan die hoofdeur van die woning of kamer wat deur hom bewoon was, te laat aanplak.

Register van bewoners.

14. (1) Die superintendent moet 'n register hou, hieronder 'n register van bewoning genoem.

(2) Die superintendent moet in die register van bewoners die naam en volledige besonderhede aanteken van elke persoon aan wie 'n woonpermit ooreenkomstig hierdie regulasies uitgereik is, asook die name van al die ander persone wat ingevolge hierdie regulasies toegelaat word om kragtens enige woonpermit in die kamp te woon. Die aantekening van 'n persoon se naam in die register van bewoners is *prima facie* bewys van die reg wat sodanige pesoon het om in die kamp te woon en te bly.

Opgawe van bevolking.

15. 'n Opgawe van die bevolking van die kamp moet by sodanige tussenpose as wat die Dorpsaad bepaal, deur die superintendent by die Dorpsraad ingedien word.

Aantekening van geweierde aansoeke.

16. Die superintendent moet aantekening hou van die name van persone wie se aansoeke om woonpermitte geweier is, asook van die redes vir elke sodanige weiering en moet by die gewone maandelikse vergadering van die Dorpsraad 'n afskrif van sodanige aantekening aan die Dorpsaad voorlê.

Wonings en persele moet genommer word.

17. (1) Die superintendent moet 'n nommer aan elke pesreel in die kamp toeken en moet die nommer wat aan elke perseel toegeken is, duidelik aan die buitekant van die hoofdeur van die woning wat op sodanige perseel opgerig is, laat verf of opskryf of aanheg. Die superintendent moet sodanige nommers op alle tye in 'n leesbare toestand hou.

(2) Die Dorpsraad moet alle materiaal wat nodig is om nommers aan die wonings aan te bring en in 'n leesbare toestand te hou, aan die superintendent verskaf.

Persele, wonings en geboue moet sindelik gehou word.

18. Elke geregistreerde bewoner moet die wonings en geboue op sy perseel in 'n goeie toestand en orde hou. Niemand mag vuilgoed, mis, vullis, afval, uitskot of rommel op enige perseel hou, vergaar of stort of laat hou, vergaar of stort, of toelaat dat dit gehou, vergaar of gestort word op so 'n wyse dat dit 'n oorlas of nadelig of gevaarlik vir die gesondheid is nie. Verder moet die geregistreerde bewoner sy perseel op alle tye van onkruid en vuilgoed skoon hou.

(5) No inhabitant of the camp shall, either on the disestablishment of the camp or at any time, have any claim against the Town Board for compensation in respect of any improvements made by him to any site: Provided that such inhabitant may remove from the site materials which may be so removed without damaging the soil.

Cancellation of Permits and Ejectment for Default.

13. (1) If any person fails to pay any sum for which he is liable in terms of the provisions of this chapter within one month of the date on which such sum becomes due and payable, the superintendent may, on giving such person one month's notice in writing of his intention to do so, cancel any permit issued to such person to be or reside in the camp with effect from the date set out in such notice.

(2) If any occupation permit is cancelled in terms of the provisions of sub-regulation (1), the Town Board shall be entitled to dispose of any improvements or property on the site referred to in such permit, and after the amount owing by the person whose occupation permit has been cancelled and reasonable costs have been deducted from any amount realised by such disposal, the balance, if any, shall be handed to such person: Provided that the Town Board shall give at least fourteen days notice of its intention to exercise this right by serving such notice on such person or, if his whereabouts are unknown, by affixing a copy thereof to the main door of the dwelling or room which has been occupied by him.

Register of Occupiers.

14. (1) The superintendent shall keep a register, hereinafter called a register of occupiers.

(2) The superintendent shall enter in the register of occupiers the name and full particulars of every person to whom an occupation permit has in accordance with these regulations been issued and also the names of every other person who in terms of these regulations is permitted by virtue of any occupation permit to reside in the camp. The entry of any person's name in the register of occupiers shall be *prima facie* proof of such person's right to reside and remain in the camp.

Population Return.

15. A return showing the population of the camp shall be submitted by the superintendent to the Town Board at such intervals as may be decided upon by the Town Board.

Record of Refusals.

16. The superintendent shall keep a record of the names of the persons whose applications for occupation permits have been refused and the reasons for each such refusal and shall submit a copy of such record to the Town Board at its ordinary monthly meeting.

Dwellings and Sites to be numbered.

17. (1) The superintendent shall allot to each site in the camp a number and shall cause the number allotted to each site to be legibly painted or inscribed on or affixed to the outside of the main door of the dwelling erected on such site. The superintendent shall at all times keep such numbers in legible condition.

(2) The Town Board shall supply the superintendent with all materials necessary for the numbering of dwellings and for maintaining such numbers in a legible condition.

Sites, Dwellings and Buildings to be kept clean.

18. Every registered occupier shall keep the dwellings and buildings on his site in good condition and order. No person shall keep or cause or suffer to be kept, or deposit or allow to be deposited on any site any accumulation of filth, manure, dirt, refuse, garbage or rubbish so as to be a nuisance, or injurious or dangerous to health and the registered occupier shall further keep his site free from weeds and rubbish at all times.

Vullisbakke.

19. (1) Die Dorpsraad moet 'n voldoende getal gemeenskaplike vullisbakke in die kamp verskaf waarin alle rommel, vuilgoed of afval, van watter aard ookal, geplaas moet word.

(2) Niemand mag enige rommel, vuilgoed of afval, van watter aard ookal êrens anders as in 'n vullisbak wat ingevolge subregulasie (1) verskaf word, plaas of laat plaas of toelaat dat dit aldus geplaas word nie.

(3) Die Dorpsraad moet alle rommel, vuilgoed, of ander afval wat geplaas word in die vullisbakke wat ooreenkomstig hierdie regulasie verskaf is, by gereelde tussenpose, soos deur die mediese beampte voorgeskryf, van die kamp laat verwyder en op sodanige plek of plekke as wat deur die mediese beampte goedgekeur word, laat stort.

Klerewasplek.

20. Die Dorpsraad kan 'n plek in die kamp afsonder en daar geskikte geriewe verskaf waar die bewoner klere kan was, en die superintendent moet van tyd tot tyd voorskrifte uitvaardig waarby die gebruik van sodanige wasplekke gereguleer word.

Watervoorsiening en sanitasie.

21. (1) Die Dorpsraad moet 'n genoegsame voorraad skoon water verskaf op gerieflike plekke binne die kamp.

(2) Die Dorpsraad moet voldoende en bevredigende gemeenskaplike sanitêre geriewe van 'n soort deur die mediese beampte goedgekeur, vir die afsondelike gebruik deur die twee geslagte van persone wat in die kamp woon, verskaf, en moet sodanige geriewe in 'n skoon en higiëniese toestand hou.

Aangee van Aansteeklike siektes

22. Ingeval 'n persoon in die kamp aan 'n aansteeklike of besmetlike siekte ly, moet die geregistreerde bewoner van die perseel waarin sodanige persoon woon of aangetref word, of in geval van sy dood of ongeskiktheid, die oudste volwasse bewoner van sodanige perseel, dadelik die naam van sodanige persoon en alle ander feite ten opsigte van sodanige persoon waarvan hy kennis dra, by die superintendent aangee.

Mediese beampte of assistent kan perseel betree.

23. Die mediese beampte of sy gemagtigde assistent kan te eniger tyd enige hut of woning of gebou in die kamp binnegaan en alle persone daarbinne wat vermoedelik aan 'n aansteeklike of besmetlike siekte ly of aan sodanige aansteking of besmetting blootgestel was, ondersoek, en enige persoon wat by die mediese beampte of sy gemagtigde assistent die indruk wek dat hy aan enige aansteeklike of besmetlike siekte ly of aan die besmetting daarvan blootgestel was, kan op las van die mediese beampte verwyder word na sodanige plek binne of buite die kamp as wat die Dorpsraad aanwys vir die opneming van sodanige persone, en kan deur 'n soortgelyke bevel daar aangehou word totdat hy, volgens die oordeel van die mediese beampte, vry van besmetting is.

Superintendent en ander amptenare het reg op toegang.

24. Die superintendent en enige amptenaar wat kragtens subartikel (3) van artikel *twee-en-twintig* van die Wet aangestel is, kan op enige redelike tyd, met inagneming van die gerief van die bewoners, enige woning of perseel in die kamp vir inspeksiedoeleindes binnegaan.

Geboortes en sterfgevalle moet aangegee word.

25. Die geregistreerde bewoner van 'n perseel waarin 'n geboorte of sterfgeval plaasvind, of, in geval van sy dood of ongeskiktheid, die oudste volwasse bewoner van sodanige perseel, moet dadelik sodanige geboorte of sodanige sterfgeval by die superintendent aangee en aan hom alle vereiste besonderhede verstrek wat nodig is vir die behoorlike invul van die register van bewoners.

Inligting moet verstrek word.

26. Ten einde die superintendet in staat te stel om die register van bewoners te hou, is dit die plig van elke bewoner van die kamp om aan die superintendent sodanige inligting te verstrek as wat hy verlang.

Refuse Receptacles.

19. (1) The Town Board shall provide an adequate number of communal refuse receptacles in the camp into which all rubbish, filth or litter of any kind shall be deposited.

(2) No person shall deposit or cause or permit or suffer to be deposited elsewhere than in a receptacle provided in terms of sub-regulation (1) any rubbish, filth or litter of any description.

(3) The Town Board shall cause all rubbish, filth or other litter deposited in receptacles provided in accordance with this regulation, to be removed from the camp at regular intervals prescribed by the medical officer and deposited at such site or sites as may be approved by him.

Washing Convenience.

20. The Town Board may set apart a place in the camp and provide thereat a suitable clothes washing convenience where inhabitants may wash clothes, and the superintendent shall from time to time issue instructions regulating the use of such wash places.

Water Supply and Sanitation.

21. (1) The Town Board shall provide a sufficient supply of pure water at convenient places within the camp.

(2) The Town Board shall provide in the camp sufficient and satisfactory communal sanitary facilities of a type approved by the medical officer for the separate use of the members of each sex of persons residing in the camp, and shall maintain such facilities in a clean and hygienic condition.

Reporting Infectious Diseases.

22. In the event of any person in the camp suffering from any infectious or contagious disease, the registered occupier of the site in which such person resides or is found or, in the case of his death or incapacity, the eldest adult resident on such site shall immediately report to the superintendent the name of and all other facts known in respect of such person.

Entering of Premises by Medical Officer or Assistant.

23. The medical officer or his authorised assistant may at any time enter any hut or dwelling or building in the camp and examine all persons therein suspected of suffering from any infectious or contagious disease or of having been exposed to such infection or contagion, and any person who shall appear to the medical officer or to his authorised assistant to be suffering from or to have been exposed to the infection of any infectious or contagious disease may, by order of the medical officer, be removed to such place either within or beyond the camp as the Town Board may appoint for receiving such persons and may by a like order be therein detained until such time as, in the opinion of the medical officer, he shall be free from infection.

Right of Entry by Superintendent and Other Officers.

24. The superintendent and any other officer appointed in terms of sub-section (3) of section *twenty-two* of the Act, may, at any reasonable time, having regard to the convenience of the occupants, enter any dwelling or site in the camp for inspection purposes.

Reporting of Births and Deaths.

25. The registered occupier of any site on which a birth or death occurs or, in the case of his death or incapacity, the eldest adult resident on such site, shall forthwith report such birth or death to the superintendent and furnish him with all the relevant particulars necessarily required for the proper completion of the register of occupiers.

Information to be Supplied.

26. For the purpose of enabling the superintendent to keep the register of occupiers, it shall be the duty of every inhabitant of the camp to give the superintendent such information as he may require.

Openbare vergaderings, byeenkomste en vermaaklikhede.

27. (1) Behoudens die bepalings van enige ander wet moet enigeen wat voornemens is om 'n openbare vergadering of byeenkoms in die kamp te belê of toe te spreek, die superintendent minstens 72 uur vooraf in kennis stel van die reëlings wat vir sodanige vergadering of byeenkoms getref is: Met dien verstande dat die superintendent na goeddunke korter kennisgewing kan aanvaar.

(2) Geen openbare vergadering of vermaaklikheid in die kamp mag later as 11 nm. sonder die goedkeuring van die superintendent voortgesit word nie: ook mag geen openbare vergadering of vermaaklikheid in die kamp later as die verlengde tyd wat deur die superintendent goedgekeur is, voortgesit word nie.

(3) Niemand mag, sonder dat die skriftelike goedkeuring van die superintendent vooraf verkry is, van die persone wat op 'n openbare vergadering of byeenkoms in die kamp aanwesig is, geld, behalwe vir *bona fide*-kerkdoeleindes, kollekteer nie.

(4) Indien daar redelike grond bestaan om te vermoed dat die hou van 'n vergadering of byeenkoms in die kamp 'n rusverstoring kan veroorsaak of daartoe kan lei, kan sodanige vergadering of byeenkoms met die spesiale goedkeuring van die plaaslike landdros, nadat hy oorleg gepleeg het met die plaaslike polisiebeampte, verbied word.

(5) Geen bepaling van hierdie regulasie is op 'n vergadering of byeenkoms vir *bona fide*-bruilofs-, begrafnis- en kerkdoeleindes van toepassing nie.

Belemmering van Werk van Amptenare.

28. Niemand mag die superintendent of 'n ander werknemer van die Dorpsraad of 'n amptenaar ingevolge subartikel (3) van artikel *twee-en-twintig* van die Wet aangestel, in die uitvoering van sy pligte hinder nie.

Aanhou van Diere.

29. Niemand mag 'n hond, perd, koei, muil, donkie, bok, vark, pluimvee of enige ander lewende hawe in die kamp aanhou nie, uitgesonderd met die skriftelike toestemming van die superintendent wat die aansoek om sodanige toestemming kan toestaan of weier.

Belemmering van Verkeer en Persone.

30. Niemand mag in 'n straat, pad of openbare plek binne die kamp sit, lê, staan, drentel of vergader of op 'n ander wyse sodanige straat, pad of openbare plek versper sodat verkeer belemmer word, of teen iemand wat van sodanige straat, pad of openbare plek wettiglik gebruik maak, stamp of sodanige persoon andersins lastig val nie.

Beskadiging van Omheinings.

31. Niemand mag, tensy hy behoorlik deur die Dorpsraad daartoe gemagtig is, oor of deur 'n omheining, muur of hek wat die kamp inkamp, klim of dit moedswillig beskadig of daaraan peuter nie.

Openbare rusverstoring.

32. Niemand mag in 'n straat, pad of openbare plek of in 'n private woning of perseel binne die kamp die openbare rus verstoor deur te skreeu, rusie te maak, te twis, te vloek of vuil, beledigende, dreigende of skeldtaal te gebruik of deur onbetaamlike, wanordelike of geweldadige gedrag nie.

Ontlasting of urinering in strate.

33. Niemand mag hom ontlas of urineer in 'n straat, pad, deurgang, sypaadjie, voetpad, oop ruimte of openbare plek in die kamp, op 'n ander plek as die behoorlike plek wat vir die doel verskaf is in 'n latrine of urinoir nie.

Verstoring van die oppervlakte van die grond.

34. Niemand mag op enige wyse in die oppervlakte van die grond in die kamp grawe, dit verwyder of verstoor nie behalwe in die gebiede deur die superintendent aangewys.

Tarief van huurgelde en koste.

35. Elke geregistreerde bewoner moet maandeliks by die kantoor van die superintendent aan die Dorpsraad die bedrag van R1.50 (een rand en vyftig sent) per maand of gedeelte van 'n maand vooruitbetaal as 'n insluitende bedrag as huur vir die gebruik van die hut deur hom bewoon en ten opsigte van dienste deur die Dorpsraad in die kamp gelewer.

Public Meetings, Assemblies and Entertainments.

27. (1) Subject to the provisions of any other law, any person who proposes to convene or address a public meeting or assembly of persons in the camp shall notify the superintendent at least 72 hours beforehand of the arrangements made for such meeting or assembly: Provided that the superintendent may in his discretion accept shorter notice.

(2) No public meeting or entertainment in the camp shall be continued later than 11 p.m. without the approval of the superintendent, nor shall any public meeting or entertainment in the camp be continued later than any extended time for which permission has been granted by the superintendent.

(3) No person shall, without the prior written approval of the superintendent, collect any money for other than bona fide church purposes from the persons present at any public meeting or assembly in the camp.

(4) If there be reasonable ground for believing that the holding of any meeting or assembly in the camp might provoke or lead to a breach of the peace, such meeting or assembly may, with the special approval of the local magistrate given after reference to the local police officer, be prohibited.

(5) Nothing in this regulation contained shall apply to any meeting or assembly for bona fide wedding, funeral and church purposes.

Obstruction of Officers.

28. No person shall obstruct the superintendent or other employee of the Town Board or any officer appointed in terms of sub-section (3) of section *twenty-two* of the Act, in the execution of his duty.

Keeping of Animals.

29. No person shall keep any dog, horse, cow, mule, donkey, goat, pig, poultry, or other form of livestock in the camp save with the written permission of the superintendent who may grant or refuse any application for such permission.

Obstruction of Traffic and Persons.

30. No person shall sit, lie, stand, loiter or congregate in, or in any other manner encumber any street, road or public place within the camp so as to obstruct traffic or jostle or otherwise interfere with any person lawfully using such street, road or public place.

Damage to Fences.

31. No person shall, unless authorised thereto by the Town Board, climb over or through any fence, wall or gate enclosing the camp or wilfully damage the same or interfere therewith.

Disturbance of the Public Peace.

32. No person shall disturb the public peace by shouting, wrangling, quarrelling, swearing, or by using obscene, abusive, insulting or threatening language, or by unseemly, disorderly or violent behaviour in the street, road or public place or in any private dwelling or premises within the camp.

Defecating or Urinating in Streets.

33. No person shall defecate or urinate in any street, road, lane, sidewalk, footpath, open space or public place in the camp, other than the proper place provided for the purpose in a lavatory or urinal.

Disturbance of Surface Soil.

34. No person shall in any way dig into or remove or disturb the surface of the soil in the camp except in such areas as may be designated by the superintendent.

Tariff of Rents and Charges.

35. Every registered occupier shall pay to the Town Board monthly in advance at the office of the superintendent the sum of R1.50 (one rand and fifty cents) per month or part of a month, as an inclusive charge to cover rent for the use of the hut occupied by him and in respect of the provision by the Town Board of the services provided in the camp.

Appèl.

36. (1) Enige Bantoe wie se aansoek om 'n woonpermit deur die superintendent geweier is en elke bewoner van die kamp wat gegrief is deur enige optrede of besluit van die superintendent of ander amptenaar van die Dorpsraad aan wie die administrasie van hierdie regulasies opgedra is, kan binne veertien dae na die datum van sodanige weiering, optrede of besluit teen sodanige weiering, optrede of besluit by die Bantoesakekommissaris appèl aanteken. Nadat behoorlike ondersoek ingestel is, waarby die superintendent of ander amptenaar van die Dorpsraad geregtig is om sy optrede te regverdig, kan die Bantoesakekommissaris (i) sodanige superintendent of ander amptenaar gelas om geriewe ingevolge hierdie regulasies toe te staan, as dit blyk dat sodanige geriewe sonder goeie rede geweier is, of (ii) 'n ander bevel na goeddunke uitreik.

(2) Daar kan ook verder by wyse van beëdigde verklaring geappelleer word by die Hoofbantoesakekommissaris met regsbevoegdheid, wie se beslissing finaal is: Met dien verstande dat sodanige appèl binne veertien dae na die besluit van die Bantoesakekommissaris aangeteken word.

HOOFSTUK 3.

HANDEL.

Woordomskrywing.

1. In hierdie hoofstuk, tensy strydig met die sinsverband, beteken—

„ advertensie " enige sirkulêre, strooibiljet, pamflet, aanplakbiljet, plakkaat, reklamekaart, reklamebord, hetsy met die hand geskryf, gedruk, geskilder, gegraveer of gebosseleer, of enige ander middel wat bereken is om belangstelling in en die verkoop van enige produkte, goedere of handelsware of die dienste van enige fabrikant, handelaar of onderneming te stimuleer;

„ handelaar " enigeen wat handel dryf;

„ handel dryf " om enige handel of besigheid te dryf of beroep te beoefen om wins daaruit te verkry;

„ onderneming " enige handel, besigheid of beroep deur 'n handelaar gedryf of uitgeoefen.

Handel nie toegelaat nie.

2. (1) Geen woonpermit ingevolge regulasie 5 van Hoofstuk 2 uitgereik, verleen aan die houer daarvan of aan enige lid van sy gesin die reg om in die kamp handel te dryf nie.

(2) Geen persoon wie ook al, hetsy 'n geregistreerde bewoner al dan nie, mag enige handel in die kamp dryf of enigiets doen om die handel van enige onderneming te bevorder nie.

(3) Geen hut ten opsigte waarvan 'n woonpermit uitgereik is of die perseel waarop sodanige hut geleë is, mag gebruik word as 'n depot vir die opberging, vertoon of verspreiding van die produkte, goedere of handelsware van enige fabrikant, handelaar of onderneming hoegenaamd nie.

Advertensie.

3. Geen advertensies van enige aard hoegenaamd mag in die kamp in enige vorm versprei of vertoon word nie sonder dat skriftelike toestemming vooraf van die superintendent verkry is.

Smousery en ventery.

4. (1) Niemand mag as 'n smous of venter in die kamp optree of handel dryf of sy ware in enigeen van hierdie hoedanighede in die kamp uitstal nie.

(2) Niemand mag binne die kamp, sonder die voorafgaande goedkeuring van die superintendent, vir enige onderneming bestellings werf of daarom versoek nie.

HOOFSTUK 4.

ADVISERENDE BANTOEKOMITEE.

Getal lede.

1. Vir die kamp moet 'n adviserende komitee ingestel word wat bestaan uit vier lede gekies deur die geregistreerde bewoners soos hieronder bepaal en twee lede deur die Dorpsraad aangestel: Met dien verstande dat, as die

Appeal.

36. (1) Any Bantu who has been refused an occupation permit by the superintendent and any inhabitant of the camp aggrieved by any action or decision of the superintendent or other officer of the Town Board charged with the administration of these regulations, may within fourteen days of the date of such refusal, action or decision appeal to the Bantu Affairs Commissioner against such refusal, action or decision. After due inquiry, at which the superintendent or other officer of the Town Board shall be entitled to be heard in support of his action, the Bantu Affairs Commissioner may (i) order such superintendent or other officer of the Town Board to grant the appellant facilities under these regulations if it appears that such facilities have been unreasonably withheld, or (ii) make such other order as may be deemed fit.

(2) A further right of appeal shall lie by way of affidavit to the Chief Bantu Affairs Commissioner having jurisdiction whose decision shall be final: Provided that such appeal is noted within fourteen days of the decision of the Bantu Affairs Commissioner.

CHAPTER 3.

TRADING.

Definitions.

1. In this chapter, unless the context indicates otherwise—

" advertisement " means any circular, leaflet, pamflet, booklet, poster, placard, showcard, signboard, wither handwritten, printed, painted, engraved or embossed, or any other device calculated to stimulate the interest in and to promote the sale of the products, wares, merchandise or services of any manufacturer, trader or undertaking;

" trader " means any person engaged in trading.

" trading " means engaging in any trade, business or occupation for gain;

" undertaking " means any trade, business or occupation carried on by a trader.

Trading not Allowed.

2. (1) No occupation permit issued in accordance with regulation 5 of Chapter 2 shall confer on the holder thereof or any member of his family the right to engage in trading within the camp.

(2) No person whomsoever, whether a registered occupier or otherwise, shall engage in trading in the camp or do anything in furtherance of the trading of any undertaking.

(3) No hut in respect of which an occupation permit has been issued or the site on which such hut is located shall be used as a depot for the storage, display or distribution of the products, wares or merchandise of any manufacturer, trader or undertaking whatsoever.

Advertising.

3. No advertisements of any nature whatsoever shall be distributed or displayed within the camp in any form without the prior approval in writing of the superintendent.

Hawking and Peddling.

4. (1) No person shall act as a hawker or pedlar or trade or exhibit his wares in either capacity in the camp.

(2) No person shall, without the prior approval of the superintendent, canvass or solicit orders within the camp for any undertaking.

CHAPTER 4.

BANTU ADVISORY BOARD.

Number of Members.

1. There shall be established for the camp an advisory board which shall consist of four members elected by the registered occupiers as hereinafter provided and two members appointed by the Town Board: Provided that,

geregistreerde bewoners nie die vereiste getal lede ten opsigte van enige verkiesing wat ooreenkomstig hierdie regulasies gehou word, behoorlik nomineer en kies nie, die Dorpsraad die vereiste getal persone as lede van die adviserende komitee kan aanstel en sodanige persone word dan geag verkies te gewees het.

Voorsitter.

2. Die Dorpsraad moet een van sy lede of 'n ander Blanke persoon wat met Bantoesake vertroud is, as voorsitter van die adviserende komitee aanstel. Die voorsitter moet op vergaderings van die adviserende komitee voorsit en in die algemeen in 'n adviserende hoedanigheid optree, maar hy het geen stem nie. By afwesigheid van die voorsitter op 'n vergadering moet die superintendent as voorsitter optree en al die funksies en pligte van die voorsitter in verband met sodanige vergadering verrig.

Kennisgewing van nominasies.

3. Die superintendent moet jaarliks, nie later as die derde dag van September nie, 'n vergadering van die geregistreerde bewoners belê met die doel om hierdie regulasies aan hulle te verduidelik en om nominasies te vra vir die verkiesing van lede van die adviserende komitee vir die daaropvolgende twaalf maande van 1 Oktober tot 30 September, en kennis van sodanige vergadering moet in die openbaar gegee word deur gedurende Augustus 'n kennisgewing op die kennisgewingbord by die kantoor van die Dorpsraad en op 'n in die ooglopende plek in die kamp aan te bring vir 'n tydperk van minstens veertien dae.

Prosedure waar geen adviserende komitee bestaan nie of waar 'n tussenverkiesing noodsaaklik word.

4. As 'n adviserende komitee om die een of ander rede nie behoorlik ingevolge hierdie regulasies saamgestel is nie of wanneer dit ingevolge paragraaf (ii) van subregulasie (4) van regulasie 18 noodsaaklik word om 'n tussenverkiesing te hou, moet die superintendent so gou doenlik en soos hierbo bepaal, 'n kennisgewing uitreik waarby 'n vergadering van die geregistreerde bewoners belê word met die doel om hierdie regulasies aan hulle te verduidelik en om nominasies te vra van kandidate vir die verkiesing van die vereiste getal lede van die adviserende komitee, en daarna moet daar oorgegaan word tot die verkiesing van die lede, en, waar nodig, die samestelling van 'n adviserende komitee ooreenkomstig die bepalings van hierdie regulasies. Die lede van 'n adviserende komitee wat ooreenkomstig hierdie regulasies saamgestel is, beklee hul amp tot die 30ste September wat volg op die datum waarop hulle verkies of aangestel is, maar hulle kan vir 'n verdere twaalf maande gekies of aangestel word.

Wie nie verkiesbaar is nie.

5. Niemand kan as lid van die adviserende komitee genomineer of verkies word nie wat—

(*a*) nie 'n manlike geregistreerde bewoner is nie; of

(*b*) nie ononderbroke vir minstens twee jaar binne die regsgebied van die Dorpsraad gewoon het nie en nie in die kamp woonagtig is nie; of

(*c*) gedurende 'n tydperk van twaalf maande onmiddellik voor die datum van sy nominasie skuldig bevind is aan 'n misdryf ten opsigte waarvan hy tot gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete vir 'n tydperk van minstens sewe dae of, met die keuse van 'n boete vir 'n tydperk van minstens een maand, gevonnis is; of

(*d*) 'n amp of winsgewende betrekking onder of by die Dorpsraad beklee, uitgesonderd as lid van die adviserende komitee; of

(*e*) as gevolg van 'n liggaamlike of geestesgebrek onbevoeg is om lid van die adviserende komitee te wees; of

(*f*) nie alle huurgelde wat deur hom aan die Dorpsraad verskuldig is, betaal het nie.

should the registered occupiers fail duly to nominate and elect the required number of members in respect of any election held in terms of these regulations, the Town Board may appoint as members of the advisory board the required number of persons and such persons shall be deemed to have been elected.

Chairman.

2. The Town Board shall appoint one of its members or some other White person conversant with Bantu Affairs as chairman of the advisory board. The chairman shall preside at meetings of the advisory board and generally act in an advisory capacity, but shall not have a vote. In the absence of the chairman from any meeting, the superintendent shall preside thereat and perform all the functions and duties of the chairman in connection with such meeting.

Notice of Nomination.

3. The superintendent shall annually, not later than the third day of September, convene a meeting of the registered occupiers for the purpose of explaining to them these regulations and calling for the nomination of candidates for the election of members of the advisory board for the ensuing twelve months from the 1st October to the 30th September, of which meeting public notice shall be given by posting a notice thereof during August on the notice board at the office of the Town Board and in some conspicuous place in the camp for a period of not less than fourteen days.

Procedure where no Advisory Board exists or when By-election becomes necessary.

4. When for any reason an advisory board has not been duly constituted as provided in these regulations, or when a by-election becomes necessary in terms of paragraph (ii) of sub-regulation (4) of regulation 18, the superintendent shall, as soon as practicable, issue a notice as hereinbefore provided, convening a meeting of the registered occupiers for the purpose of explaining to them these regulations and of calling for the nomination of candidates for the election of the required number of members of the advisory board and thereafter the election of such members and, where necessary, the constitution of an advisory board shall be proceeded with in accordance with the provisions of these regulations. The members of an advisory board constituted in terms of this regulation shall hold office till the 30th September following their election or appointment but shall be eligible for election or appointment for any ensuing twelve months.

Disqualification of Candidates.

5. No person shall be eligible for nomination for or election to the advisory board who—

(*a*) is not a male registered occupier; or

(*b*) has not continuously resided for at least two years in the area under the jurisdiction of the Town Board and is not resident in the camp; or

(*c*) has, within the period of twelve months immediately preceding the date of his nomination, been convicted of any offence in respect of which he has been sentenced to imprisonment without the option of a fine for a period of not less than seven days or with the option of a fine for a period of not less than one month; or

(*d*) holds an office or place of profit under or in the gift of the Town Board, other than as a member of the advisory board; or

(*e*) by reason of any physical or mental disability is unfit to hold office as a member of the advisory board; or

(*f*) has not paid all rent due by him to the Town Board.

Nominasies moet skriftelik wees.

6. Nominasies van kandidate vir verkiesing tot lede van die adviserende komitee moet skriftelik by die kiesbeampte ingedien word, en geen nominasie mag aangeneem word nie tensy dit gesteun word deur die handtekenings of merke van minstens vyf geregistreerde bewoners wat bevoeg is om te stem en wat elkeen sy huurgeld betaal het tot aan die einde van die maand onmiddellik voor dié waarin nominasies gevra word.

Indiening van nominasies.

7. Die nominasies vermeld in regulasie 6 moet voor of op die sewende dag na die datum van die nominasievergadering, genoem in regulasie 3 of 4, na gelang van die geval, by die kiesbeampte ingedien word. Die kiesbeampte moet so gou doenlik nadat die tydperk vir die indiening van nominasies verstryk het, 'n lys van die kandidate wat genomineer is en 'n kennisgewing waarvolgens 'n verdere vergadering van die geregistreerde bewoners belê word, op die kennisgewingbord by die kantoor van die superintendent en op 'n in die ooglopende plek in die kamp aanbring. Hierdie vergadering moet gehou word op 'n dag, uitgesonderd 'n Sondag, Goeie Vrydag, Hemelvaartdag, Kersdag of Geloftedag, en minstens sewe en hoogstens tien dae na verstryking van die tydperk waarin nominasies ingedien word.

Aankondiging van nominasies.

8. Op die vergadering genoem in regulasie 7 moet die kiesbeampte die name van die genomineerdes afkondig en as daar nie meer as die vereiste getal bevoegde kandidate genomineer is nie, moet hy dié genomineerdes tot behoorlik verkose lede van die adviserende komitee verklaar. Ingeval meer as die vereiste getal bevoegde kandidate genomineer is, moet die kiesbeampte 'n dag, uitgesonderd 'n Sondag, Goeie Vrydag, Hemelvaartdag, Kersdag of Geloftedag, vasstel waarop daar gestem moet word, en wel nie later as tien dae nadat voormelde vergadering gehou is nie, en moet hy aankondig vir watter tydperk, wat nie korter as twee uur moet wees nie, tussen die ure 8 vm. en 10 nm. die stemlokaal op daardie dag oop is en waar die stemming gehou word. Die kiesbeampte moet by die vasstelling van die ure wanneer die stemlokaal oop is, die gerief van die meerderheid van die geregistreerde bewoners behoorlik in ag neem.

Stemdag.

9. Die kiesbeampte moet minstens sewe dae voor die stemdag 'n kennisgewing op die kennisgewingbord by die kantoor van die superintendent en op 'n in die ooglopende plek in die kamp laat aanbring waarin die datum waarop, die plek waar, en die ure wanneer gestem sal word, bekendgemaak word.

Aantekening van stemme.

10. Die kiesbeampte moet gedurende die ure en op die plek wat vir die stemming bepaal is, teenwoordig wees en die stemme wat op elke kandidaat uitgebring word, aanteken.

Stemlokaal.

11. Niemand anders as die kiesbeampte, sy assistente en die persoon wat besig is om sy stem uit te bring, mag in die stemlokaal wees nie.

Kwalifikasie van kiesers.

12. Niemand anders as 'n manlike geregistreerde bewoner wat, na die kiesbeampte meen, die ouderdom van agtien jaar bereik het en wat, gedurende die stemure wat vir 'n verkiesing vasgestel is, 'n kwitansie aan die kiesbeampte voorlê waarop aangetoon word dat hy nie met sy huur- en ander gelde wat hy ingevolge hierdie regulasies aan die Dorpsraad verskuldig is, agterstallig is nie, word toegelaat om by sodanige verkiesing te stem nie.

Metode van stemming.

13. Nadat die kiesbeampte hom daarvan vergewis het dat die persoon wat wil stem, daartoe geregtig is, moet hy hom vra vir watter genomineerde kandidate hy wil stem, en die stemme wat sodanige persoon op dié kandidate uitbring, wat nie meer as die getal kandidate wat verkies

Nominations to be in Writing.

6. Nominations of candidates for election as members of the advisory board shall be submitted in writing to the returning officer, and no nomination shall be accepted unless supported by the signatures or marks of at least five registered occupiers qualified to vote, each of whom has paid his rent up to the end of the month preceding that in which nominations are called for.

Lodging of Nominations.

7. The nominations referred to in regulation 6 shall be lodged with the returning officer not later than the seventh day after the date of the nomination meeting referred to in regulation 3 or 4 as the case may be. The returning officer shall, as soon as practicable after the period for lodging such nominations has expired, post on the notice board at the office of the superintendent and in some conspicuous place in the camp a list of the candidates nominated and a notice convening a further meeting of the registered occupiers, which meeting shall be held on a day other than a Sunday, Good Friday, Ascension Day, Christmas Day or the Day of the Covenant and not less than seven nor more than ten days after the period for lodging such nominations has expired.

Announcement of Nominations.

8. At the meeting mentioned in regulation 7 the returning officer shall announce the names of the nominees and if not more than the required number of qualified candidates have been nominated, he shall declare such candidates to be duly elected members of the advisory board. In the event of more than the required number of qualified candidates having been nominated, the returning officer shall appoint a day other than a Sunday, Good Friday, Ascension Day, Christmas Day or the Day of the Covenant, on which a poll shall be held, being not more than ten days after the holding of the said meeting and shall announce for what period, being not less than two hours, between the hours of 8 a.m. and 10 p.m., the polling station shall be open on such day and place at which the poll shall be held. The returning officer shall fix the hours during which the polling station shall be open with due regard to the convenience of the majority of the registered occupiers.

Polling Day.

9. The returning officer shall cause to be posted on the notice board at the office of the superintendent and in some conspicuous place in the camp not less than seven days before polling day, a notice intimating the date upon which, the place at which and the hours during which the poll will be held.

Recording of Votes.

10. The returning officer shall attend during the hours and at the place fixed for the poll and shall record the votes given for each candidate.

Polling Station.

11. No person other than the returning officer, his assistants and the person at the time recording his vote shall be admitted to the polling station.

Qualification of Voters.

12. No person other than a male registered occupier who in the opinion of the returning officer has attained the age of eighteen years and who during the polling hours fixed for any election, produces to the returning officer a receipt showing that he is not in arrear with his rent and any other charges due by him to the Town Board in terms of these regulations, shall be permitted to vote at such election.

Manner of Voting.

13. The returning officer, after satisfying himself that the person desirous of recording his vote is entitled to do so, shall ask him for which candidates nominated he wishes to vote, and shall record the votes given for any such candidates, being not more than the number of

moet word, moet wees nie, moet deur die kiesbeampte apgeteken word deur 'n merk op die lys van die genomineerde kandidate se name te plaas teenoor die naam van elke kandidaat wat die kieser noem. Daarna moet die kiesbeampte 'n merk op sodanige persoon se kwitansie, genoem in regulasie 12, maak om te toon dat hy sy stem uitgebring het.

Uitslag van verkiesing.

14. So gou doenlik na die sluiting van die stemming moet die kiesbeampte die stemme tel wat op elke kandidaat uitgebring is en die vereiste getal kandidate wat die meeste stemme gekry het tot behoorlik verkose lede van die adviserende komitee verklaar.

Beslissing in geval van staking van stemme.

15. As twee of meer kandidate ewe veel stemme kry, moet die suksesvolle kandidaat deur middel van loting in die teenwoordigheid van die kiesbeampte en op die manier deur hom voorgeskryf, aangewys word.

Bekendmaking van lede deur dorpsraad aangestel.

16. Die name van die lede van die adviserende komitee wat deur die Dorpsraad aangestel is, moet so gou doenlik na die aankondiging van die name van die verkose lede ooreenkomstig die bepalings van regulasies 8 en 14, bekendgemaak word deur 'n kennisgewing op die kennisgewingbord by die kantoor van die Dorpsraad en op 'n in die ooglopende plek in die kamp aan te bring.

Ampstermyn van lede.

17. Behoudens die bepalings van regulasies 4 en 18, beklee die lede van die adviserende komitee hul amp vir twaalf maande met ingang van die eerste dag van Oktober wat volg op hul verkiesing of aanstelling, maar hulle kan vir 'n verdere twaalf maande gekies of aangestel word.

Vakatures.

18. (1) 'n Lid van die adviserende komitee kan as lid bedank deur die voorsitter skriftelik daarvan in kennis te stel, en daarna is sy setel vakant.

(2) Die setel van 'n lid word *ipso facto* vakant wanneer sodanige lid—

(i) ten opsigte van 'n skuldigbevinding aan 'n misdryf, gevonnis word tot gevangenisstraf, sonder die keuse van 'n boete, vir 'n tydperk van meer as sewe dae of, met die keuse van 'n boete, vir 'n tydperk van meer as een maand; of
(ii) aan 'n oortreding van hierdie regulasies skuldig bevind word; of
(iii) ophou om 'n geregistreerde bewoner te wees; of
(iv) sonder die instemming van die adviserende komitee vir 'n ononderbroke tydperk van minstens ses weke na sy verkiesing of aanstelling, uit die kamp afwesig is of dit verlaat; of
(v) sonder die voorafgaande verlof van die adviserende komitee versuim om drie agtereenvolgende vergaderings van sodanige adviserende komitee by te woon; of
(vi) as gevolg van 'n liggaamlike of geestesgebrek onbevoeg raak om verder as lid van die adviserende komitee te dien; of
(vii) per abuis gekies is tot of aangestel is as lid van die adviserende komitee ten spyte van die feit dat hy ooreenkomstig die bepalings van regulasie 5 nie bevoeg is om geskies of aangestel te word nie ;of
(viii) 'n amp of betrekking onder of by die Dorpsraad aanvaar of enige geskenk of vergoeding aanneem as beweegrede of beloning om enige guns of daad met betrekking tot sy amp te doen of nalaat om te doen; of
(ix) sterf.

(3) As 'n lid se setel vakant raak om enigeen van die redes vermeld in subregulasie (2), uitgesonderd dood, moet die superintendent 'n skriftelike kennisgewing, deur hom geteken, laat aflewer by sodanige lid se laasbekende woonadres, waarin hom meegedeel word dat sy setel vakant geraak het en sodanige persoon kom dan nie in aanmerking vir herverkiesing vir 'n tydperk van twaalf maande na die datum waarop hy sy amp neergelê het nie.

